

GEMEENTE.

LES 44

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> OPENBARING 4 - 7
----------	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Openbaring 4 - 7). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) <i>[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]</i> (17) JOHANNES 16:13
----------	--

Herhaal twee - twee die nuwe Bybelvers:

(17) Johannes 16:13. “Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig.”

4	BYBELSTUDIE (85 minute) <i>[EVANGELIE VAN JOHANNES]</i> JOHANNES 20:1-31
----------	---

Inleiding. Johannes 20 en 21 gaan oor die opstanding van Jesus Christus uit die dood en sy verskyning aan Maria Magdalena en die ander dissipels. In Johannes 20:30-31 beskryf die skrywer die doel van sy Evangelie.

Alhoewel dit met die eerste oogopslag lyk of die vier Evangelies (Matteus, Markus, Lukas en Johannes) teenstrydighede bevat, word die argumente wat aangevoer word bevredigend verduidelik, totdat daar geen enkele teenstrydigheid oorbly nie. As jy die vier Evangelies saam lees, is daar geen enkele gebeurtenis wat nie in die geheel inpas nie. Al vier evangeliste het die getuïenisse van die vroue en dissipels van Jesus Christus verskeie kere gehoor en elkeen het in sy Evangelie opgeteken wat hy belangrik gevind het.

STAP 1. LEES.	GOD SE WOORD
Lees. Ons gaan Johannes 20:1-31 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

STAP 2. ONTDEK.	WAARNEMINGS
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? OF: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

Ontdekking 1. Die opstandingsliggaam van Jesus Christus.

Die Evangelies beskryf dat Jesus Christus in sy opstandingsliggaam nie deur die stroke linne wat om sy afgestorwe liggaam gedraai was, verhinder is om uit die dood op te staan nie! Ook is Hy nie deur die rots voor die graf se opening gekeer om uit die dood op te staan nie! Op daardie dag van die opstanding kon Jesus Christus ook déúr 'n geslote deur by die dissipels uitkom. Hy kon soos Hy wou êrens in die land verskyn en dan weer verdwyn.

Maar dit beteken nie dat sy menslike natuur nou in besit was van sy goddelike natuur en dat Hy alomteenwoordig was nie. Jesus Christus het twee nature: 'n goddelike natuur en 'n menslike natuur. Sy twee nature word nooit met mekaar verwar of gemeng in sy staat van vernedering op die aarde of in sy staat van verhoging in die hemel nie, sodat die een natuur deel kry aan die eienskappe van die ander natuur nie. Sy twee nature bly by sy opstanding onveranderd, onveranderlik, verskillend, nie met mekaar versmelt nie of en ook nie met mekaar verwar nie, en tegelyk ondeelbaar en onkeidbaar! So het die Vroeë kerk die twee nature van Jesus Christus bely.

Bowendien was dit nie die menslike gees van Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het nie (wat vrysinniges leer), want dit was nie dood nie, maar by God die Vader (Lukas 23:46). Dit was die menslike liggaam van Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het! Die liggaam van Jesus Christus was nie 'n skynbeeld (spook, skim)(wat die Docetisme leer) nie, maar 'n egte liggaam! Jesus Christus het aan sy dissipels bewys dat Hy 'n egte liggaam gehad het, deur hulle aan te moedig om aan Hom te vat (Lukas 24:39; 1 Johannes 1:1) en deur voedsel te eet waar hulle by was (Lukas 24:40-43; Johannes 21:12-13).

Die menslike liggaam van Jesus Christus was nie 'n heeltmaal ander (nuwe) liggaam nie, maar sy eie vernederde liggaam wat totaal verander was tot 'n verheerlikte liggaam (Filippense 3:21). 1 Korintiërs 15:42-44,53-54 leer die volgende oor die opstandingsliggaam van Jesus Christus en die opstandingsliggaam van Christene in die toekoms. Die opstandingsliggaam is dan:

- onverganklik (onbederfbaar), d.w.s., dit kan nie meer oud, siek of swak word en ook nie meer sterf nie. Dit is met onsterflikheid bekleed. Dit sal vir ewig bestaan in 'n volmaakte lewe, in ewige seën en in die teenwoordigheid van God.
- heerlik, d.w.s., dit het deel aan die goddelike karaktertrekke soos liefde, heiligheid, geregtigheid, krag en wysheid van God.
- kragtig, d.w.s., dit het bonatuurlike vermoëns en besit 'n dinamiese persoonlikheid.
- geestelik, d.w.s., dit is volkome vernuwe, getransformeer en heeltmaal onder die beheer van die Heilige Gees.

Christene in die hele wêreld sien uit na die opstandingsliggaam! Dan sal hul menslike liggaam wees soos die verheerlikte liggaam van Jesus Christus!

20:30-31

Ontdekking 2. Die wondertekens wat Johannes in sy Evangelie opgeteken het.

Die apostel Johannes skryf dat hy net enkele van die wondertekens wat Jesus Christus verrig het in sy Evangelie opgeteken het sodat die lesers van sy Evangelie mag gaan glo dat Jesus Christus (die Messias), die Seun van God, is, en dat hulle deur in Hom te glo die ewige lewe kan verkry. Maar ook dat gelowiges in Jesus Christus bly glo en die ewige lewe bly ervaar.

Hierdie tekens was: die verandering van water in wyn (Johannes 2:1-12), die genesing van die seun van die regeringsamptenaar (Johannes 4:43-54), die genesing van die verlamde persoon by die bad van Betesda (Johannes 5:1-15), die wonderlike voeding van meer as vyfduisend (Johannes 6:1-15), die genesing van die blindgeborene (Johannes 9:1-14) en die opwekking van Lasarus uit die dood (Johannes 11:1-46). Maar die allergrootste teken is die opstanding van Jesus Christus uit die dood (Johannes 20:1-10)!

Die wonders in die Evangelie van Johannes word 'tekens' genoem, omdat hulle die onderrig van spesifieke waarhede m.b.t. Jesus Christus self inlei. Daarom mag selfs die reiniging van die tempel (Johannes 2:13-17) en die intog in Jerusalem (Johannes 12:12-19) 'tekens' genoem word!

Die Evangelie van Johannes is 'n boek van tekens. Dit teken die wondertekens van Jesus Christus op, saam met die betekenis van die tekens! Die doel van hierdie wondertekens is net één: dat mense in Jesus Christus sal bly glo! Die doel van alle wonders in die Bybel is om heen te wys na die werklikheid, waarheid en teenwoordigheid van Jesus Christus. Jesus Christus wil nie hê dat mense hulle oë net op sy wondertekens bly rig nie, maar wel op Homself! Alle wondertekens wys na Jesus Christus en leer spesifieke waarhede oor Jesus Christus! Byvoorbeeld, die wonderlike voeding wil leer dat Jesus Christus "die Brood die lewe is". Hy is ook die Brood van die lewe vir my.

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 20:1 - 31 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

20:1-2

Vraag 1. Hoe weet ons dat Maria Magdalena nie die enigste vrou by die graf was nie?

Aantekeninge. As ons nét die Evangelie van Johannes lees, sou ons die indruk kon kry dat daar teenstrydighede is met die ander Evangelies. Byvoorbeeld, Johannes noem net vir Maria Magdalena, maar Matteus praat van twee vrouens, Markus oor drie vrouens en Lukas oor meer as drie vrouens by die graf.

Maar as ons al vier Evangelies noukeurig lees, *is daar geen enkele teenstrydigheid nie!* Lukas sê duidelik dat daar minstens vier vrouens by die graf was (Lukas 24:10). Matteus en Markus vat die gebeurtenis saam. Matteus noem nét

Maria Magdalena en die ander Maria. Johannes gaan van die veronderstelling uit dat sy lesers bekend was met die ander drie Evangelies. Hy beperk sy verhaal tot Maria Magdalena.

Dit beteken nie dat Johannes daarmee beweer dat daar net één vrou by die graf was nie. Maria Magdalena self praat oor meer vrouens as sy sê: “Hulle het die Here uit die graf weggevat, en ons (meervoud) weet nie waar hulle Hom nou begrawe het nie” (Johannes 20:2)!

20:3-9

Vraag 2. Waarom het Petrus en Johannes onmiddellik oeglo?

Aantekeninge. Nadat Maria Magdalena aan hulle vertel het dat Jesus Christus nie meer in die graf was nie, het Petrus en Johannes na die graf toe gehardloop. In teenstelling met Maria Magdalena het hulle in die graf ingegaan en die linnedoeke daar gesien lê sonder dat daar nog ’n liggaam in was en die kopdoek het afsonderlik, opgerol, op ’n ander plek gelê. Die idee dat die linnedoeke ’n leë kokon gevorm het, asof die liggaam van Christus deur die doeke opgestaan het uit die dood, kan nie uit die teks afgelei word nie. Wat wel duidelik is, is dat die linnedoeke nog wel daar was, maar die liggaam van Jesus Christus nie! Die geslote en verseelde graf en die soldate wat die graf bewaak het, maak dit heeltemal onmoontlik vir die dissipels om die liggaam van Jesus Christus na ’n ander plek te verskuif of vir rowers om die liggaam te steel. Anders sou daar geen linnedoeke meer gelê het nie! Hulle plotselinge besef dat die liggaam van Jesus Christus dus uit die dood opgestaan het, was die oorsaak dat Petrus en Johannes onmiddellik geglo het: dat Jesus Christus inderdaad was wie Hy geprofeteer het te wees, dat Hy uit die dood opgestaan het en nou leef!

So het die profesieë wat daar in die Bybel geskryf gestaan het, nuwe betekenis vir die apostels gekry. Johannes 20:9 sê: “Hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Jesus uit die dood moet opstaan nie”. Hoewel hulle dikwels die Ou Testament gelees het, het hulle nie Bybelgedeeltes soos Psalm 16 en Jesaja 53 begryp nie. Psalm 16:10 sê, “U gee my nie oor aan die dood nie. U laat u troue dienaar nie in die graf kom nie” (Hebreeus: shachat: “U laat nie toe dat u Heilige ontbinding sien.”)

En Jesaja 53:10 sê: “Maar dit het behaag (Hebreeus: chpts, K) die HERE om Hom te breek (Hebreeus: dk<, Ni), Hy het Hom siek gemaak (Hebreeus: chlh, Hi). Wanneer Hy sy siel (lewe) (Hebreeus: nefesh) gemaak het (Hebreeus: sim, K) tot ’n skuldoffer (Hebreeus: <asham), sal Hy sien (Hebreeus: r<ah, K) saad/nageslag (Hebreeus: zer>a), sal Hy verleng (Hebreeus: <arak, Hi) dae (sal Hy in lengte van dae lewe), en die welbehag (Hebreeus: chefets) van die HERE sal deur sy hand voorspoedig voortgang hê (Hebreeus: tsch, K).” Vers 10 beskryf sy plaatsvervangende lyding en sy opstanding as onderdeel van God se ewige plan. (vergelyk: handleiding 5, supplement 1).

Skielik het Petrus en Johannes besef dat hierdie Bybelgedeeltes profesieë oor die opstanding van Jesus Christus is! Sy opstanding is deel van God se verlossingsplan en daarom ’n goddelike “moet”– dit móés gebeur. Die opgestane Jesus Christus het dit later bevestig: “Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en Psalms oor My geskrywe is” (Lukas 24:44). In die Nuwe Testament het Jesus verskeie kere geprofeteer dat Hy gekruisig sou word en “op die derde dag” uit die dood sou opstaan (Matteüs 16:21; 20:19; Lukas 9:22; 18:33)!¹

20:14-17

Vraag 3. Waarom het Jesus vir Maria Magdalena gesê dat sy Hom nie moes vashou nie?

Aantekeninge. Toe Jesus Christus aan Maria Magdalena verskyn het, het sy gedink dat Hy die tuinopsigter was. Vanweë haar ongeloof het sy nie verwag om Jesus lewend te sien nie, maar net sy dooie liggaam! Maar toe Jesus haar op haar Aramese naam noem, Mirjam (Maria), en met haar in sy moedertaal (Aramees) praat, het sy Jesus herken en sy voete vasgegryp om Hom nie weer te laat gaan nie.

Voor die dood van Jesus het Maria ’n lang tyd met Hom en sy dissipels omgegaan. Sy het gehoop dat hierdie aangename omgang voortgesit kon word. Maar Jesus het vir haar gesê dat sy Hom nie moet terughou nie, want Hy gaan weer terug na sy Vader toe. Jesus het nie beswaar gemaak dat ’n vrou Hom aanraak nie, maar sê duidelik vir haar dat die aardse verhouding tussen Hom en sy dissipels verander het. Die tyd van daaglikse sigbare omgang met sy dissipels was verby. Hy verskyn dan aan hierdie persoon en dan aan ’n ander. Spoedig sou Hy na sy hemelse Vader opvaar en niemand sou Hom kon terughou nie. Eers na die uitstorting van die Heilige Gees sou sy en die ander dissipels ononderbroke omgang met Hom kon hê! Hierdie omgang sou baie ryker en meer geseënd wees as die omgang wat sy tot nou toe geken het! Dit sou die gemeenskap van die opgestane Here in die hemel met sy Kerk/Gemeente op die aarde wees!

¹ Grieks: té trité hemera, “op die derde dag”. Markus 8:31; 9:31; 10:33-34 in Grieks sê: “na drie dae” (meta treis hémeras), maar beteken dieselfde. Markus 15:42-43 leer duidelik dat Jesus op Vrydag (Grieks: paraskeuē) gekruisig is en Markus 16:2 leer duidelik dat Hy op Sondag die eerste dag van die week) (Grieks: mia tón sabbatón) uit die dood opgewek is! In die lig van hierdie feite verstaan ons dat die Jode die uitdrukking “’n dag en ’n nag” in Matteüs 12:40 gebruik, nie as ’n periode van 24 uur, maar eerder as “’n deel van ’n dag” (ongegag of dit ’n deel van die dag of ’n deel van die nag is). Daarom was die liggaam van Jesus in die graf vanaf Vrydag laat in die middag tot Sondag vroeg in die oggend! Vergelyk die uitdrukking: “nie lang na hierdie dae” (ou meta pollas tautas hémeras (Lukas 15:13; Handeling 1:5).

20:30-31

Vraag 4. Waarom het Jesus vir sommige vrouens gesê dat Hy na Galilea gaan en vir Maria Magdalena dat Hy na sy hemelse Vader gaan?

Aantekeninge.

(1) Die opstanding en die verskynings.

In Matteus 28:7 het die engel vir die vrouens gesê dat sy vir sy dissipels moes vertel dat Hy uit die dood opgewek is en dat Hy voor hulle uit na Galilea sou gaan en daar sou hulle Hom sien. En in Matteus 28:16-20 lees ons hoe Jesus inderdaad aan sy dissipels op 'n berg in Galilea verskyn het. Maar ons weet dat Jesus Christus daarvoor al aan sy dissipels in Jerusalem en omgewing verskyn het. Dis geen teenstrydigheid nie, omdat Jesus later wel na Galilea gegaan het en daar geen bewys is dat Hy nie vóór hulle daar aangekom het nie. Jesus het eenvoudig baie méér gedoen as wat Hy aan hulle geopenbaar het! Hy het hulle in Jerusalem en in Galilea ontmoet!

(2) Die hemelvaart en die nuwe verhouding.

In Johannes 20:17 het Hy vir Maria Magdalena gesê: “Gaan na my broers toe en sê vir hulle: ‘Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is.’” Jesus het méér inligting aan Maria Magdalena gegee as aan die ander vrouens. Die ander vrouens moes die dissipels vertel van sy opstanding uit die dood en sy verskynings. Maria Magdalena moes die dissipels vertel van sy hemelvaart en die nuwe verhouding met Hom. Omdat Hy sou opvaar na sy hemelse Vader toe, sou die verhouding met sy dissipels verander!

Aan die eenkant beklemtoon Jesus Christus *wat dieselfde gebly het in die verhouding tot God*. Hy noem sy dissipels ‘My broers’ (Johannes 20:17) wat 'n baie intiemer term is as ‘My vriende’ (Johannes 15:13-15). Hulle verhouding sou nou 'n verhouding in die Gees wees, en hulle sou tot dieselfde familie behoort en dieselfde erfenis deel. In 'n geestelike sin is God net ‘die Vader’ van mense wat God die Seun aangeneem het met 'n lewende geloof (vergelyk Johannes 8:41-44).

Aan die anderkant beklemtoon Jesus Christus *wat anders is in die verhouding tot God*. Jesus Christus is ‘die Seun van God van nature’ (d.i. in sy wese), terwyl sy dissipels ‘seuns van God is deur adopsie’ (vergelyk Efesiërs 1:5). Nietemin word die intimiteit van die verhoudings beklemtoon. In 'n geestelike sin is God wat die Vader is van Jesus Christus, ook die Vader van sy dissipels! Dit is na hierdie God en Vader wat Jesus Christus sou opvaar.

20:21-23

Vraag 5. Met watter gesag het Jesus Christus sy dissipels in die wêreld uitgestuur?

Aantekeninge.

(1) Die groot opdrag is eerstens aan die twaalf apostels van Jesus Christus gegee.

Die aand van die opstandingsdag het Jesus Christus aan tien van sy dissipels en 'n aantal ander wat bymekaar was verskyn (Lukas 24:33). Nadat Hy sy hande en voete vir hulle gewys het, het hulle geglo dat Hy die opgestane Jesus Christus was.

Toe het Hy aan hulle die groot opdrag gegee. In Johannes 17:18 het Jesus Christus vir God gesê: “Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur.” En nou in Johannes 20:21 het Hy vir sy dissipels gesê: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.” Die woord ‘stuur’ beteken ‘uitgestuur as 'n apostel’. Hierdie woorde is eerstens aan die twaalf apostels van Jesus Christus gerig. Hulle was vanaf die begin van sy aardse bediening saam met Hom en was getuies van sy lewe (woorde en dade), sy dood en sy opstanding (Handelinge 1:21-22).

Die apostels van Jesus Christus moes sy offisiële getuies wees teenoor die Jode, die Samaritane en die heidene (Handelinge 1:8). Hulle moes die hele wêreld ingaan en die goeie nuus aan die hele skepping (ANV: mensdom) bring (Markus 16:15). Hulle moes van mense uit alle volke op die aarde ‘dissipels van Jesus Christus’ maak (Matteus 28:18-20). Jesus Christus bou sy Kerk/Gemeente op sy apostels en hulle getuienis (Matteus 16:18). Dit is aan sy apostels wat Hy die sleutels van die Koninkryk van God gegee het om mense in of uit te sluit (Matteus 16:18-19; 18:18-19). Maar die apostels van Jesus Christus het geen opvolgers (soos bv. biskoppe) nie, omdat niemand anders daarvoor sou kwalifiseer nie (Handelinge 1:21-22).

Toe die Christelike Kerk/Gemeente eenmaal deur die apostels van Jesus Christus gevestig was, is die verantwoordelikheid vir voortsetting van die groot opdrag aan die Christelike Kerk/Gemeente as geheel gegee. Nou werk alle gemeentes en ouderlinge en Christene saam aan die groot opdrag! Dissipels maak nuwe dissipels en gemeentes stig nuwe gemeentes!

(2) Die spesiale ontvangs van die Heilige Gees was om die apostels die gesag te gee vir hulle bediening.

Die Griekse teks sê: “Jesus het geblaas en gesê: “Ontvang die Heilige Gees! As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie.”

Die ‘blaas’ (sien oor die Heilige Gees in Johannes 3:8) het simboliese betekenis. Dieselfde werkwoord is in Genesis 2:7 gebruik toe God die eerste mens uit stof (die elemente) gevorm het en toe ‘die lewensasem’ in sy neusgate geblaas het en die mens tot 'n lewende wese geword het. Maar in Johannes 20:22-23 gaan dit nie oor die gee van fisiese lewe nie,

maar oor *die bemagtiging van die apostels vir hulle geestelike bediening*. Die ‘blaas’ of ‘asem’ is ’n gawe wat bestaan uit die Heilige Gees saam met ’n spesiale geestesgawe, naamlik, die gesag om die sondes van mense te vergewe (as hulle tot bekering kom) of toereken (as hulle hul verhard teen die verkondiging van die evangelie).

Vier maal word oor die ontvangs van die Heilige Gees gepraat in die Bybel:

- Die profete in die Ou Testament ontvang die Heilige Gees vir hul besonder taak om God se Woord te profeteer (Ezegiël 2:1-7; 1 Petrus 3:10-12)
- Jesus Christus in die Nuwe Testament ontvang die Heilige Gees vir sy besonder taak om verlossing of oordeel te bring (Jesaja 11:2-5; 61:1-2; Johannes 1:32-34; 3:34)
- Die apostels van Jesus Christus ontvang die Heilige Gees vir hul besonder taak om vergewing van sondes te verkondig vir mense wat glo in die soenoffer van Jesus Christus en verdoemenis te verkondig vir mense wat hul in ongelooft verhard (Johannes 20:21-23).
- Alle Christene ontvang die Heilige Gees wanneer hulle tot geloof in Jesus Christus kom (wedergebore word, met die Gees gedoop word) (Markus 1:8; Johannes 1:12-13; 3:3-8; 7:37-39; 14:16-18; Handelingen 1:5; 2:38-39; 11:14-18; 15:7-9; Romeine 8:9-10; 1 Korintiërs 12:13; 2 Korintiërs 1:21-22; Efesiërs 1:13-14; Titus 3:5-8).

(3) Die groot opdrag en die gesag kan nie onafhanklik van God beoefen word nie.

Die groot opdrag en die gesag wat aan die apostels toevertrou is, kan nie onafhanklik van God beoefen word nie. Hulle is onlosmaaklik verbind aan die teenwoordigheid en heerskappy van die Gees van Jesus Christus (die Heilige Gees) in hulle. Die apostels het geen gesag buite die Heilige Gees in hulle nie. Hulle mag nie buite die Heilige Gees om optree nie. Die Heilige Gees spreek altyd in volledige ooreenstemming met die Woord van God (die Bybel) (Johannes 14:26; 16:13-15; vergelyk 14:6; 17:18; Efesiërs 6:17) en handel altyd in volledige ooreenstemming met die liefde. Willekeurige (eiemagtige, op eie gesag) uitsprake deur geestelike leiers (byvoorbeeld: pouse, biskoppe, priesters, dominees, pastore, ens.) oor vergewing van sondes, willekeurige uitsluiting (ekskommunikasie) uit die Christelike Kerk/Gemeente en willekeurige bestraffing en vervloeking het geen effek by die God van die Bybel nie!

Dit is die taak van die apostels om die vergewing van sondes te verkondig (of nie te verkondig nie), maar dit is net die God van die Bybel wat sondes effektief vergewe (of nie vergewe nie)! Die passiewe werkwoorde “word hulle sondes vergewe” en “word hulle sondes toegereken” toon duidelik aan dat vergewing van sondes die soewereine werk van die God van die Bybel is. Die apostels kry nie ’n taak en gesag onafhanklik van die God van die Bybel nie. Die apostels (en ander geestelike leiers soos pouse) kry ook geen versekering dat hulle onfeilbaar is nie. In Galasiërs 2:11 wys die apostel Petrus duidelik dat hy nie onfeilbaar was nie. Die taak van die apostels van Jesus Christus was om die Woord van God te verkondig en te onderrig, maar die prerogatief (reg) om sonde effektief te vergewe of toe te reken bly die eksklusiewe taak van God alleen! Later het die apostel Paulus duidelik gesê dat hy (Paulus) geplant het, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei (1 Korintiërs 3:5-6)!

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou ’n dinkskrum en stel ’n kort lys saam van moontlike toepassings uit Johannes 20:1-31.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy ’n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel ’n waarheid dieselfde bly, daar ’n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 20:1-31.

20:5-8. Bestudeer die geskiedkundige bewyse vir die opstanding van Jesus Christus en glo dit!

20:11. Die Christelike geloof beskou die treur oor verliese (bv. by ’n sterfgeval) as ’n noodsaaklike uitdrukking van emosies voordat innerlike genesing kan plaasvind.

20:18. Vertel aan andere die dinge wat God in jou lewe gedoen het.

20:21. Leer soveel as moontlik oor hoe Jesus Christus sy taak uitgevoer het.

20:22. Glo dat Jesus Christus jou sal toerus vir die taak (bediening) waarvoor Hy jou geroep het.

20:26-29. Hou op twyfel oor die historiese feite m.b.t. Jesus Christus en glo die feite aangaande Jesus Christus. Jy sal geseënd wees!

20:30-31. Die wondertekens van Jesus Christus is buitendien ‘tekens’ wat wys na Jesus Christus Self, wie Hy is en wat Hy doen.

20:31. Alleenlik as jy glo dat Jesus Christus die beloofde Messias en die Seun van God is, sal jy die ewige lewe ontvang.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 20:1-31.

Ek sal nie meer bang wees vir die dood nie. Die christelike hoop sluit die opstanding van die (gestorwe) liggaam in. My vernederde menslike liggaam sal by die wederkoms van Christus verander word om gelykvormig te word aan die

verheerlikte opstandingsliggaam van Jesus Christus (Filippense 3:21)! Omdat ek weet dat die dood al oorwin is en weet dat ek ook eenmaal uit die dood sal opstaan, kan ek met blymoedige hoop en vertrouwe uitsien na my toekoms! Ek bely dat ek glo in die opstanding van die liggaam uit die dood!

Ek besef dat die groot opdrag aanvanklik aan die apostels van Jesus Christus gegee is. Alhoewel die apostels van Jesus Christus geen opvolgers gehad het nie (bv. in die biskoppe), is die groot opdrag aan die hele Christelike Kerk/Gemeente gegee. Elke plaaslike gemeente met Christene onder leiding van hulle raad van ouderlinge behoort besig te wees met die groot opdrag om dissipels te maak van alle volke. Die evangelie moet verkondig word aan die hele skepping. Dissipels (volwasse en funksionerende Christene) moet gemaak word in elke stam, taal, volk en nasie in die wêreld. My verantwoordelikheid is om die evangelie te verkondig en die verantwoordelikheid van God is om mense na Jesus Christus toe te trek en hulle sondes te vergewe. Ek bly bewus daarvan dat God my geen taak of gesag gee onafhanklik van Jesus Christus nie! Dis presies soos Jesus gesê het: “Sonder My kan julle niks doen nie” (Johannes 15:5)! Maar die teenoorgestelde is ook waar dat ek saam met Jesus Christus baie en blywende vrug sal dra! (Johannes 15:5,8,16).

STAP 5. BID. **REAKSIE**
MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 20:1-31.
 (Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	<i>[VOORBIDDING]</i> BID VIR ANDERE
----------	------------------	---

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 20 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Openbaring 8 - 11. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (18) Johannes 16:14. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.